# WYSHEID _2
## Psalm 1:1-6

## TEMA: DIE GEES VAN WYSHEID

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.
**NOTA: Ten einde die reeks te volg, word u aangeraai om die studie vanaf Deel 1 en die daaropvolgende lesings te bestudeer.**

-o0o-

**SKRIF VERWYSINGS VAN HIERDIE OORDENKING: PSALM 1:1-6**

**Psalm 1:1 Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie;**

**Ps 1:2 maar sy behae is in die wet van die HERE, en hy oordink sy wet dag en nag.**

**Ps 1:3 En hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit.**

**Ps 1:4 So is die goddelose mense nie, maar soos kaf wat die wind verstrooi.**

**Ps 1:5 Daarom sal die goddelose nie bestaan in die oordeel en die sondaars in die vergadering van die regverdiges nie.**

**Ps 1:6 Want die HERE ken die weg van die regverdiges, maar die weg van die goddelose sal vergaan.**

**Wysheid is by God alleen bekend, terwyl Hy vir die mens as Sy wysheid beskik het, die vrees van die Here en die vrees vir die kwaad.**

**Job 28:20 Die wysheid dan—waar kom dit vandaan? En waar is die plek van die verstand?**

**Job 28:21 Ja, dit is verborge vir die oë van alles wat leef, en weggesteek vir die voëls van die hemel.**

**Job 28:22 Die plek van vertering en die dood sê: Met ons ore het ons die gerug daarvan gehoor.**

**Job 28:23 God weet die weg daarheen, en Hy ken die woonplek daarvan.**

**Job 28:24 Want Hy sien tot by die eindes van die aarde; alles wat onder die hemel is, aanskou Hy.**

**Job 28:25 Toe Hy vir die wind die gewig bepaal en die waters met die maat afgemeet het,**

**Job 28:26 toe Hy vir die reën 'n wet gestel het en 'n weg vir die onweerstraal,**

**Job 28:27 toe het Hy die wysheid gesien en dit verkondig; Hy het dit opgestel en dit ook deurvors.**

**Job 28:28 Maar aan die mens het Hy gesê: Kyk, die vrees van die HERE is wysheid; en om van die kwaad af te wyk, is verstand.**

-o0o-

### 1. 2de VRAAG *(Vraag 1 word bespreek in Wysheid **1**)*

Die Here kom nou 'n tweede keer na Job en vra die tweede vraag. Mense kyk baie mooi na die vraag

Job 28:20 Die wysheid dan—waar kom dit vandaan? En waar is die plek van die verstand?

Dan sê Hy:

-o0o-

Job 28:21 Ja, dit is verborge vir die oë van alles wat leef, en weggesteek vir die voëls van die hemel.
Job 28:22 Die plek van vertering en die dood sê: Met ons ore het ons die gerug daarvan gehoor.
Job 28:23 God weet die weg daarheen, en Hy ken die woonplek daarvan.

- Dit is net God wat hierdie plek van wysheid ken.
- Dit is net Hy wie ons kan lei, deur die Gees van Wysheid, om aan ons te openbaar wat wysheid regtig is, in God, in Christus, in die Here.

Aan wie gaan Hy dit openbaar?

- Hy openbaar dit net aan die mens wat regtig wysheid van God kan hanteer.

Job 28:24 Want Hy sien tot by die eindes van die aarde; alles wat onder die hemel is, aanskou Hy.

**GEES VAN WYSHEID**

God self is Wysheid, want die Gees van Wysheid is een van Sy Geeste.

Job 28:25 Toe Hy vir die wind die gewig bepaal en die waters met die maat afgemeet het,

Job 28:26 toe Hy vir die reën 'n wet gestel het en 'n weg vir die onweerstraal,

Lees gerus nou die laaste paar hoofstukke van Job. Kyk veral waar God vir Job sê dat hy mos 'n man is en dat hy moet opstaan. Omdat Job homself so slim hou en dink hy het al die wysheid in pag op hierdie aarde, toe sê die Here vir hom ***onderrig jy My***

Job 40: 1 EN die Here het Job uit 'n storm geantwoord en gesê:
Job 40: 2 Gord tog jou heupe soos 'n man; Ek sal jou ondervra en onderrig jy My

**Stellings**

God begin dan om aan Job stellings te maak.
Al verklaring wat Job uiteindelik gehad het en al wat hy kon sê was, dat hy van Hom gehoor het, maar nou het sy oë Hom gesien.
*Volgens hoorsê het ek van U gehoor; maar nou het my oog U gesien* (Vers 42: 5)

Deur die Wysheid wat Hy vir Job gegee het en deur dit wat Job gesien het, het Job besef dat hy niks was nie.

- Hy (Job) het besef dat die Here alles is.

Dit is die wysheid wat deur God gegee is.

- God het die hele natuur en die hele skepping in Wysheid geïmplementeer.
- In wysheid het Hy alles in plek laat funksioneer, sodat elke ding sy plek kon vervul.
- Die mense se doen en late is egter die gevolg dat alles so deurmekaar geraak het!

**Die vrees van die Here is Wysheid**

Nou sê Hy hierdie woorde
Job 28:27 toe het Hy die wysheid gesien en dit verkondig; Hy het dit opgestel en dit ook deurvors.

God het dit so bepaal dat *Hy die wysheid gesien en dit verkondig* het. God het Sy Gees van Wysheid gegee.

- Op watter manier het Hy hierdie Wysheid van Hom, nie ons aardse wysheid nie, maar Sy Wysheid, geopenbaar en deurvors?
- Wat is hierdie Wysheid van God, wat Hy vir die mens gegee het op aarde, as ons doen wat Hy sê?

-o0o-

Job 28:28 Maar aan die mens het Hy gesê: Kyk, die vrees van die HERE is wysheid; en om van die kwaad af te wyk, is verstand.

Hier is die sleutel tot alles.

- As ons God vrees, sal ons doen wat Hy sê.
- As ons God vrees, sal ons Hom met respek en eerbied behandel.

**Dit beteken**:
- Nie om bang te wees nie.
- Om Hom te erken as God, as ons Skepper, as ons Here, as ons Meester en alles wat Hy vir ons is.
- Ons sal Hom respekteer vir die plek wat Hy vir ons voorberei het in Christus Jesus en ons sal Hom daarvoor met wysheid vrees.
- Hierdie *vrees van die Here is wysheid*.

**Hy noem dit wysheid**
- As ons weet waarom God ons geskape het, wie ons is, wat Hy is, waarom Hy alles vir ons gegee het en met dit volgens Sy wil doen.
- Hy noem dit wysheid net omdat ons Hom liefhet, Hom vrees, Hom ag en Hom respekteer as die Lewende God, soos ons uiteindelik met Job sien.

Job het op sy knieë neergeval en die Here gevra om hom te leer en te help want hy weet niks en hy is niks. Kyk wat was die uiteinde van Job gewees, nadat hy wysheid uit God ontdek het en nie meer gedink het dat hy alles reg gedoen het nie. Lees die laaste gedeelte van Job 42, dan sal julle sien hoe sy lewe geëindig het. Dit is wysheid. Dit is waarvan die Here praat.

- Die ***vrees van die Here is wysheid***

**As julle wys wil wees:**
- Vrees die Here in alle vorme van eerbiedigheid, onderdanigheid en gehoorsaamheid.
- Laat Sy Gees julle lei.
- Laat Sy Gees julle vorm en maak.
- Doen volgens Sy wil met dit wat Hy gee en nie wat jy wil doen daarmee nie.

Dit was nog nooit joune gewees nie. Niks op hierdie aarde, wat in jou hande geplaas is, was nog ooit joune nie. Onthou, God bly getrou aan Sy verbond met jou. Hy sal vir jou alles gee wat jy nodig het, om Sy wil te vervul vir jou lewe. As jy Hom vrees, sal jy doen wat Hy sê.

Jesus was so 'n groot dienskneg gewees, dat hulle Hom Meester genoem het.
Jesus het vir hulle gesê: Julle noem My Meester en Here, en julle is reg, want Ek is dit (Joh. 13: 13).
Dan sê Hy hartseer woorde: En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie? (Luk 6: 46)
- Wat help dit ons noem Hom Here, Here?
- Wat help dit ons noem Hom Koning?
- Wat help dit ons noem Hom Meester?

Wat help al hierdie geklank van woorde, maar ons harte en ons dade getuig nie van ons verhouding met Hom is nie? As julle die Here vrees, sal julle in wysheid met God staan.

## 2. SUKSESVOLLE MAN

Psalm 1 is vir my 'n fenomenale psalm Om ***van die kwaad af te wyk,*** **sê die Bybel vir ons,** ***is verstand***. So 'n persoon se denk patrone is reg, volgens Psalm 1.

Kom ons lees wat sê die Bybel van 'n suksesvolle man.

-o0o-

'n Wyse man, soos God dit bepaal het:
- Vrees die Here en
- Funksioneer in Sy wil met dit wat God gegee het.
- Hy wyk af van die kwaad, want die kwaad gee vir die duiwel plek. As ons vir die duiwel plek gee, kan ons weer in 'n posisie beland waar ons weg van die wil van God gedryf word.

**Psalm 1:1 Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie;**

Deesdae is daar baie mense vandag, wat so 'n bespotting en 'n verdraaiing van hierdie evangelie maak. Ons is geneig om dan te argumenteer en al hierdie spotters na die Here toe te wil lei. Die Here sê dat die man wat nie sit in die kring van die spotters nie, welgeluksalig is.

Ek sal dit nooit toelaat dat ek en my vrou in 'n plek sit, waar 'n ander beeld van Christus geskep word as wat Hy werklik is nie. Waar die Woord van God verdraai word en hierdie evangelie 'n ander beeld van gegee word, sal ek nie sit nie, want ek sal nie in die kring van die spotters sit nie.

### Wees Doelgerig

Kom ons kyk wat is hierdie man se doel.
**Psalm 1:2 maar sy behae is in die wet van die HERE, en hy oordink sy wet dag en nag.**

- Die wet wat hy oordink is nie fisies die wet nie. Dit is die wil van God.
- Hy oordink God se raadsplan vir sy lewe en hy bou heeldag 'n verhouding met Hom.
- Sy hele wese is daarop gesentreer om wysheid van God te verkry, sodat sy lewe deur die Heilige Gees, die Gees van Wysheid, gelei kan word. As ons deur die Gees van Wysheid gelei word, sal ons welbehae in God se oë vind.

**Psalm 1:3 En hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit.**

Psalm 1 vers 3 is die resultaat:

- as hy in wysheid wandel,
- as hy sy verstand het,
- as hy God vrees en afwyk van die kwaad,
- nie in die kring van die spotters sit nie,
- nie op die weg van sondaars gaan nie,
- die weë en wil van die Here soek en elke dag bepeins,
- 'n verhouding met die Gees van Wysheid bou,
- daarna streef om God se wil te doen, met dit wat God in sy hande geplaas het,
- nie altyd verskonings soek sodat hy nie hoef te help of iets te doen nie, maar
- sy hand uit steek en altyd probeer om te help.

Mense, dit is hoe ons in God se Wysheid funksioneer en in 'n verhouding met die Gees van Wysheid werk. Die Bybel sê dat ek en jy dan sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit.

### In Realiteit, Leef die Boodskap uit

Julle hoef nie eers daarvoor te gaan vra nie. Dit is geskrywe. Julle moet dit in die realiteit uitlewe. As die Woord in jou is en jy lewe die Woord, sal die vrug van die Woord realiseer in jou lewe. Mense sal rondom julle staan en vra hoe dit moontlik is dat jy so geseënd is. Die mense sal vra hoe dit moontlik is dat die storms van hierdie wêreld julle nie affekteer nie. Wys dan hierdie skrifgedeelte vir hulle en

verduidelik aan hulle hoe dit werk. Jy kan verduidelik hoe jy uiteindelik by Psalm 1 vers 3 uitgekom het, die Wysheid volg en al hierdie stappe beskryf.

Die Woord is klaar daar. Ek en jy is die draers van die Logos Woord, wat nou die Rhema Woord moet word en dit op die aarde volbring. Ons as Sy Bruid en Sy Liggaam waarin die Woord gesaai is, moet nou lewe daaraan gee. Die saad van die Vader en Gees moet nou vrug dra in ons lewe. Uiteindelik sal ons die resultaat van ons gehoorsaamheid sien.

Die leringe rondom die bome van die waters van Esegiël *(Lesing Wysheid 3)* sal aansluit by hierdie leringe en sal verder daarmee voortgaan. Ons sal dan weer hierdie bome sien wat geplant is langs die waterstrome.

Die Here seën elke oor wat hoor wat die Gees in die gemeente sê.
Mag dit met julle goed gaan en mag julle baie geseënd wees.
Mooi dag

-o0o-

What is an example of logos and rhema?

As an example, Nee holds the statement in Scripture at John 3:16 "that whoever believes in Him shall not perish but have eternal life" is held to have moved from logos to become rhema if the believer feels a realization that the passage is saying to them **"It is I who will not perish, and it is I who even now have eternal life.**

The Logos is like a well of water, and the Rhema is a bucket of water from that well

-o0o-